# Verbi Crux

'n Gedig deur

<u>Hennie Jooste</u>

Ditjies en Datjies, Plus 'n Veertjie.

-Ah Willa!-

https://www.willa.co.za



SCAN ME

https://www.willa.co.za

-Ah Willa!-


Ditjies en Datjies, Plus 'n Veertjie.
-Ah Willa!-
https://www.willa.co.za
SCAN ME
https://www.willa.co.za
-Ah Willa!-

# Verbi Crux

1

Here, oor Sion het U eens geween:
"Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek
jou verhef en vat uit jou sondeplek,
maar jy wou nie en gaan voort op sond'pad heen!" **1**

Dan kom U nog met u groot vergewing
vir hulle wat die hamer vat en slaan:
"Vader, vergeef hulle vir weet nie wat aangaan!"
Ongevraagd en onverdiend; wyl U sug in lyding... **2**

En aan die kruis, Heer, sal U nog sowaar
'n mede-kruiseling verseker met:
"Vandag is jy met My in Paradys - onbesmet!"
Die ander een kom met smaadwoorde en spot'ry klaar... **3**

U hart wil oopbars van smart en lyding, Heer,
maar vir ma Maria sal U nog omgee, teer:
"Daar is jou seun, Ma, en Johannes, my vrind,
sorg vir haar vanaf vandag, so as 'n kind." **4**

Dan hoor die mensdom wat dit moes beteken
om só aan 'n kruis te sterf vir sonde.
U bloed getap, die liggaam nog vol wonde:
"My God! My God! Waarom moet Ek alleen als afreken?!" **5**

# Verbi Crux



U weet tog alles Heer, van Skrif en Woord
en wis ook dat U nou het volbring u taak.
Daarom sê U nou op die Skrif genaak:
"Ek is dors!", **6** maar dis nog nie die laaste woord...

Na suur wyn u dors moes les, sê U met groot stem
net die een woord: “Tetelestai!” ("Dit is volbring!"). **7**
Sê U as nederige Mens, maar tog ook Koning. **8**
Dit was Gods plan, ja, soos Hy dit het bestem. **9**

Met harde stem bring U toe hierdie woorde uit:
“Vader, in u hande gee Ek My gees oor!”
Dit was die laaste woorde wat ons moes hoor.
Daarna blaas U die laaste asem uit.... **10**

Ek aanskou U aan die kruis, my Heer en Heiland. **11**
Was die vervloekte kruis **12** dan vergeefs gewees?
Nee, vir mý was dit nie vergeefs gewees,
en “Nee”, sê Paulus in sy beredeneringstrant. **13**

Heer, nou verstaan ek hoekom U het geween; **1**
nie oor hartseer of kwaad of wat ook al.
U het gehuil oor die mensdom wys hy sal
met sy lewe mors en spoed op sond'pad heen... **2**

Maar ék geredde sondaar en u kind, Heer! **14**
Ek bring U al die eer, my God en Heer! **15**

Amen

**1 (Vgl. Matt.23:37,38)**
**2 (Vgl. Luk.23:34)**
**3 (Vgl. Luk.23:43 en 39: volgens die trant van die gedig)**
**4 (Vgl. Joh.19:26, 27)**
**5 (Vgl. Matt.27:46; Mrk.15:34; vgl. ook Ps. 22:2)**
**6 (Vgl. Joh.19:28; vgl. ook Ps.69:22)**
**7 (Vgl. Joh.19:30)**
**8 (Vgl. Matt. 27:11)**
**9 (Vgl. Jes. 53:4-10; veral vers 10)**
**10 (Vgl. Lk.23:46)**
**11 (Vgl. Jes. 49:26 – OAV(1933)]**
**12 (Vgl. Gal. 3:13; vgl. ook Deut. 21:23)**
**13 (Vgl. 1 Kor. 15:13-21)**
**14 (Vgl. Joh. 1:12)**
**15 (Vgl. Ps. 100:1; 101:1b; 104:33a)**

**© Hennie Jooste.**
**(7/8/2001)**
(Geredigeer, gewysig, van tekste voorsien en
dit onderaan die gedig geplaas op 22 Maart 2021)
(Geredigeer en gewysig op 2 - 3 April 2023)

Voorgelees deur: André Truter
Geredigeer deur: Hennie Jooste

Luister na die voorlesing op **https://www.willa.co.za/hennie2**